NICO COETZEE
(Chairperson Coaches' Council)

+27 83 232 1120
necchem@iafrica.com
www.wrestling.org.za
PO Box 5221, Boksburg North, 1461,
Gauteng, South Africa

Aan: Sekretaris/ President – SASF Stoeiverenigings

26 January 2021

SASAR OMSENDSKRYWE 05/ 2021 (Afrigters Deelname Nasionale Proewe 6 Februarie 2021)

Graag wil ons die volgende reëlings deurgee m.b.t. tot afrigters deelname/ inskrywings vir bogenoemde Nasionale proewe.

Vanweë die huidige Covid-19 regulasies moes ons verskeie aanpassings maak om die veiligheid van deelneemde stoeiers en amptenary te verseker asook om die verspreiding van die virus te voorkom. Die regulasies plaas verskeie beperkings op die aanbied van toernooie en gevolglik moet ons almal seker opofferings maak om die toernooi moontlik te maak. Ons doen 'n vriendelike beroep op afrigters om ons te ondersteun deur die reëls toe te pas en stoeiers aan te moedig om die regulasies te gehoorsaam tydens die Nasionale proewe op 6 Februarie 2021.

Die volgende reëls sal geld vir die deelname/ inskrywing van afrigters vir die komende Nasionale proewe:

1. Die normale reël m.b.t. die vereistes gradering sal geld vir die Nasionale proewe, afrigters moet oor 'n Provinsiale vlak 3 gradering beskik.
2. Afrigters moes in 2019 of 2020 'n Nasionale afrigters kursus bygewoon het.

Inskrywings:

1. Sleg twee (2) afrigters sal toegelaat word om op te tree, per sessie. Dieselfde twee afrigters moet vir die duur van die sessie optree, afrigters sal nie toegelaat word om te ruil gedurende sessies nie. Tussen die onderskeie sessie mag afrigters wel ruil.
2. Die maksimum aantal afrigters word bepaal deur die aantal sessies waarin elke provinsie stoeiers ingeskryf het. Vir elke sessie waarin 'n provinsie stoeiers ingeskryf het, sal twee (2) afrigters toegelaat word tot op 'n maksimum van agt (8) afrigters vir die vier sessies.
3. ***Provinsies moet nie afrigters op eTMS inskryf nie, dit sal deur SASF hanteer word.***
4. ***Provinsies moet die name van hulle afrigters aan SASAR stuur teen 29 Januarie 2021, waarna die inskrywings nagegaan sal word en dan op eTMS ingeskryf word deur SASF. Die inskrywings moet aan Nico Coetzee – necchem@iafrica.com gestuur word.***
5. ***Provinsie moet aandui watter afrigters in elke sessie sal op te tree aangesien afrigters per sessie ingeskryf word.***

President: MHJ Bosse; Honorary President: JH Taljard; Vice President: C Villet; Vice President: CJ van der Walt; Vice President: Jeanne-Marie Coetser
Secretary General & Chairman Admin Council: Vacant; Treasurer: SH Bartlett; Chairperson Officials: W Giliomee
Chairperson Coaches: N Coetzee; Chairperson Team Managers: M Luff; Chairperson HSSC: R Pieterse
Assistant Secretary General: M de Wit; Chairperson Marketing & Media: SA Bartlett

Covid-19 Protokol:

1. Net twee (2) afrigters sal per sessie per provinsie toegelaat word.
2. Net een (1) afrigter word in die hoek toegelaat ten alle tye insluitende die breek.
3. Afrigters wat nie optree nie moet in die toegewysde sitplek area vir afrigters bly, geen rondlopery en samedrommings sal toegelaat word nie.
4. Geen fisiese kontak met stoeiers word toegelaat nie behalwe tydens die rus periode wanneer die stoeier afgedroog word.
5. Afrigters moet ten alle tye maskers dra, asook gedurende wedstryde wanneer hulle in die hoeke optree.
6. Afrigters wat wag op Covid-19 toets uitslae, sal nie toegelaat word om op te tree nie.

Vriendelike Groete

Nico Coetzee – Voorsitter SASAR

NICO COETZEE
(Chairperson Coaches' Council)

+27 83 232 1120
necchem@iafrica.com

PO Box 5221, Boksburg North, 1461,
Gauteng, South Africa